# Afdeling Natuurwetenskappe en Tegnologie

## Prof. Marena Manley



### BIOGRAFIESE PROFIEL

Prof. Marena Manley is ’n gevierde navorser, mentor en akademiese leier in die veld van voedsel- en graanwetenskap, met ’n loopbaan wat oor bykans drie dekades aan die Universiteit Stellenbosch en internasionaal strek. Ná haar BSc in voedselwetenskap aan die US het sy waardevolle navorsingservaring by die Kleingraansentrum in Bethlehem en later by die Koringraad in Pretoria opgedoen. Sy voltooi haar MScAgric in voedselwetenskap aan die Universiteit van Pretoria en haar PhD aan die Universiteit van Plymouth in die Verenigde Koninkryk. Hier begin sy haar baanbrekerswerk in naby-infrarooi (NIR) spektroskopie. Sy sluit in 1997 by die US aan en is in 2010 tot professor bevorder. Prof. Manley word wêreldwyd erken vir haar werk in NIR-spektroskopie en hiperspektrale beeldvorming. Sy het US se eerste NIR-navorsingsgroep gevestig en die toepassing van hiperspektrale beeldvorming in voedsel en landbou in Suid-Afrika bekendgestel. Tans het sy ’n C1-gradering van die Nasionale Navorsingstigting (NNS). Sy is die outeur/mede-outeur van 136 eweknie-geëvalueerde publikasies, een boek en 12 boekhoofstukke as genooide outeur. Sy tree by meer as 30 geleenthede as uitgenooide spreker op voor hoofsaaklik internasionale, maar ook nasionale gehore. Mentorskap staan sentraal in haar loopbaan. Sy het 87 meesters- en doktorale studente, asook nadoktorale genote, begelei en heg besondere waarde aan internasionale blootstelling en samewerking vir jong wetenskaplikes. In 2025 het sy die eerste Suid-Afrikaner geword wat die gesogte Tomas Hirschfeld-toekenning van die Internasionale Raad vir Naby-infrarooi Spektroskopie ontvang het. Sy ontvang ook die Erepenning van die Fakulteit Natuurwetenskap en Tegnologie van die SA Akademie (2014), ’n Kanselierstoekenning van die US (2022) vir uitnemendheid in beide onderrig en navorsing, asook ’n toekenning vir uitnemende navorsing en innovasie as gevestigde navorser (2025). In Maart vanjaar ontvang sy ’n eretoekenning van Graan SA waar sy vereer is vir haar uitstaande bydraes as ’n toonaangewende navorser.

## MOTIVERING VIR NOMINASIE

Prof. Marena Manley bring ’n besondere kombinasie van internasionale wetenskaplike aansien, strategiese leierskap en toegewyde diens aan die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, wat haar ’n uitstekende kandidaat vir herverkiesing tot die Raad maak. Tydens haar huidige dienstermyn het sy waardevolle kennis van die SA Akademie se werksaamhede en besluitnemingstrukture opgedoen en reeds aktief tot die Raad, die Komitee vir Dringende Sake en die Kommissie vir Natuurwetenskappe bygedra. As ’n internasionaal gerekende voedsel- en graanwetenskaplike bring sy besondere akademiese geloofwaardigheid, uitgebreide leierskapservaring en ’n sterk nasionale en internasionale netwerk na die Raad. Haar ervaring in nagraadse opleiding, mentorskap, interdissiplinêre navorsing, die bestuur van omvangryke navorsingsprogramme en diens aan die breër landbou- en voedselgemeenskap stel haar in staat om wetenskaplike, strategiese en institusionele aangeleenthede met insig te beoordeel. Prof. Manley kan veral ’n belangrike rol speel om die natuurwetenskappe binne die SA Akademie verder uit te bou, jong wetenskaplikes te betrek en groter samewerking tussen die SA Akademie, die bedryf en professionele wetenskaporganisasies te bevorder. Haar bewese verbintenis tot kundigheidsontwikkeling en diens aan die wetenskap stem ooreen met die SA Akademie se doelstellings. Haar voortgesette betrokkenheid sal institusionele kontinuïteit bevorder en die Raad se vermoë versterk om wetenskap, uitnemendheid, transformasie en Afrikaans as taal van hoër funksie op ’n verantwoordelike en toekomsgerigte wyse ook in die natuurwetenskappe te bevorder.